6

# Regte en die regte gebruik van hulpbronne

Toegang tot inligting

Toegang tot gesondheidsorg-dienste

Toegang tot geskikte behuising

'n Gesonde omgewing

Toegang tot maatskaplike sekerheid

Regverdige administratiewe optrede

Menswaardigheid, gelykheid en lewe

Basiese onderwys

Vryheid en sekerheid van die persoon

Vryheid van godsdiens, oortuiging en mening



laat jou regte vir jou werk | dit is werd om voor te veg | Staan bankvas en sterk

Goeie gesondheid is jou reg

CC BY NC SA

# Hoe moet die regering besluit waaraan hulle die begroting moet bestee?

As jy byvoorbeeld die reg het dat daar na jou gesondheid omgesien word, beteken dit die regering het die plig om jou te help om hierdie gesondheidsorg te kan kry.








Die Verenigde Nasies sê die regering moet reëls maak sodat alle mense die hoogste moontlike mate van gesondheid van liggaam en gees kan geniet.

## Die regering moet dus seker maak:

a) kinders kan veilig in die lewe gebring word, minder kinders sterf voor hulle eerste verjaarsdag, en kinders word gesond groot;
b) jou omgewing is veilig of word veiliger – in die gemeenskap én by jou werk;
c) jy word al hoe minder blootgestel aan siektes by jou werk, die siektes wat algemeen in jou gemeenskap voorkom, of wat maklik tussen mense oorgedra word, en dat hierdie siektes voorkom, behandel en beheer word; en
d) alle siek mense kry die mediese aandag wat hulle nodig het deur toegang te hê tot hierdie sorg.

Die regering mag nie vir jou op grond van jou ouderdom, ras, geslag, gestremdheid of godsdienstige of politieke oortuigings sê jy mag nie hierdie gesondheidsorg ontvang nie.

Die Verenigde Nasies sê ook dat die regering ander belangrike pligte het om seker te maak jy het die reg op gesondheid. Hierdie pligte is die minimum wat 'n regering mag doen. Die regering moet seker maak:

- julle het genoeg kos sodat jy en jou familie nie honger ly nie;
- julle het toegang tot skuiling;
- julle het 'n huis, water en sanitêre dienste;
- julle kan die nodige medisyne ontvang;
- die plekke waar gesondheidsorg gebied word, is regverdig tussen mense versprei;
- hulle beplan hoe hulle die gesondheidsorg van die mense in die land gaan hanteer sodat hulle ál die mense, veral die kwesbare groepe, se behoeftes in ag neem.

Burgerlike organisasies in die samelewing kan hierdie lys pligte gebruik om die regering aanspreeklik te hou. Só kan hulle seker maak die regering se beleid en programme voorsien aan mense se reg op gesondheid.

# Die regering kan nie alles alleen doen nie

Die regering kan nie alle soorte gesondheidsorg aan almal verskaf nie omdat hulle nie genoeg hulpbronne het nie. Hulle kan slegs die belangrikste en die goedkoopste dienste verskaf. Dit word rantsoenering genoem.


Die Grondwet erken dat die regering nie elke vorm van gesondheidsorg kan bied nie. Daarom sê die Grondwet ons het die reg om gesondheidsorg te ontvang sover die regering se beskikbare middele dit toelaat.

Die Handves van Regte sê egter ook dat die regering moet sorg dat hulle al hoe meer kan seker maak dat daar aan alle mense se reg op gesondheidsorg voldoen word. Dit kan hulle doen deur meer geld beskikbaar te stel vir gesondheidsorg, deur wette goed te keur en deur administratiewe programme beskikbaar te stel. Dit beteken dat, selfs al kan die regering nie nou sekere vlakke of vorme van gesondheidsorg aan die burgers van 'n land voorsien nie omdat hulle dit nie kan bekostig nie, hulle mettertyd maatreëls moet tref om seker te maak hulle kan in die toekoms daardie betrokke gesondheidsorg wel voorsien. Dit is hoe die drukgroep Treatment Action Campaign (TAC) die regering kon dwing om 'n program vir swanger vroue in te stel om te voorkom dat die MI-virus van ma na kind oorgedra word.

Die Grondwet erken dus dat die regering nie onbeperkte hulpbronne het nie, maar dit laat ook nie die regering toe om slap te wees en niks te doen om mense se reg op gesondheid te verwesenlik nie. Dit is 'n belangrike wapen waarmee die organisasies in 'n gemeenskap druk op die regering kan uitoefen om mettertyd meer dienste aan arm mense aan te bied om hulle reg op gesondheid te beskerm.

As gemeenskappe (eerder as groot maatskappye) 'n invloed kan hê op die besluite oor hoe die hulpbronne ten opsigte van gesondheid gebruik word, staan ons dalk 'n beter kans om die groot gaping tussen die gesondheid van ryk en arm mense en landelike en stedelike gemeenskappe te laat krimp.

Organisasies in die gemeenskap behoort menseregte te gebruik om seker te maak die kwesbaarste mense kan saam besluit oor waar hulpbronne toegeken word. Só word vennootskappe gebou op plaaslike vlak, byvoorbeeld tussen burgerlike groepe in die samelewing en die regering om saam planne vir ontwikkeling in die samelewing te maak. Gesondheid word nie net deur besluite oor gesondheidsorg geraak nie, maar ook deur belangrike besluite oor behuising, water, sanitêre dienste en elektrisiteit.




Goeie gesondheid is jou reg — laat jou regte vir jou werk — dit is werd voor te veg — Staan bankvas en sterk

CC BY NC SA

Kontakbesonderhede vir meer inligting:

**The People's Health Movement**
Tel.: 021 9326042
Faks: 021 9327707
Url: www.phmovementsa.org
E-pos: PHMsouthafrica@gmail.com

**Open Democracy Advice Centre**
Fisiese Adres: 6 Spin straat, Kaapstad
Tel.: +27 21 467 5673
Faks: +27 21 461 2814
E-pos: odac@opendemocracy.org.za

1. Die reg op gesondheid
2. Gemeenskapsbetrokkenheid en die reg op gesondheid
3. Die Handves van Pasiënteregte
4. Individuele en gesamentlike regte in openbare gesondheid
5. Toegang tot inligting, en die reg op gesondheid en gesondheidsorg
6. **Regte en hulpbrontoekenning**

People's Health Movement

UNIVERSITY OF CAPE TOWN

Oxfam

Ontwerp en uitleg deur Designs4development, e-pos: info@d4d.co.za